Nuusbrief vir 15 Februarie 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Uit die skoolhoof se kantoor

15 Februarie 2019

Sportoefeninge en wedstryde:
Baie dankie aan al ons afrigters, ouers en ondersteuners wat dit vir ons leerders moontlik maak om hul sport te beoefen. Dis baie lekker om te sien hoe die kinders dit geniet en die verskillende prestasies is bewys van harde werk en motivering.
Valentynsbal:
Baie dankie aan elke organiseerder, personeellede en ouers wat hard gewerk het om hierdie funksie vir ons leerders moontlik te maak. Dit was weereens 'n groot sukses en die leerders het dit baie geniet.
Kultuur:
Baie dankie aan ons personeel en ouers wat ons leerders geleenthede bied en blootstel aan kultuur-aktiwiteite en uitstappies sodat hulle ook hierdie spesiale voorreg kan geniet. Dit is ook net nog 'n kosbare bydrae tot gebalanseerde leerders wat die estetiese ook kan waardeer en geniet.

Nuwe inskrywings 2020

15 Februarie 2019

Die nuwe inskrywings / aansoeke vir 2020 het geopen. Persone wat belangstel om leerders by ons skool in te skryf vir 2020 moet die papieraansoek (harde kopie) wat by die skool se ontvangs beskikbaar is, volledig invul, al die dokumente aanheg soos dit op die vorm aangevra word, en weer by die skool inhandig. U kan dit ook van ons webtuiste af uitdruk (www.swartlandhs.co.za).
Die WKOD riglyne is egter dat daar 'n aanlynaansoek OOK gedoen moet word. Die skakel / "link" is: https://admissions.westerncape.gov.za/qaadmissions/login
Die eerste sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Maart 2019. Daarna sal slegs beskikbare plekke, indien enige, gevul word.
Ons herinner u ook aan ons opedag op 28 Februarie. Die program sal om 17:00 by die FS-sportsentrum begin.

Hokkie-afrigters

15 Februarie 2019

Ons skool benodig nog hokkie-afrigters. Indien u geroepe voel om ons hiermee te help, sal ons dit waardeer indien u ons skool se kantoor sal kontak. U kan ook die boodskap oordra aan iemand wat u dink dalk 'n geskikte kandidaat hiervoor sal wees.

Toetsrooster 1e kwartaal

15 Februarie 2019

Sien asseblief die toetsrooster vir die eerste kwartaal 2019 onder "Resources / Bronne" op hierdie Communicator.
Let wel: Dis die nuwe rooster - daar was 'n verandering by graad 12 se 6 en 7 Maart vakke. Maak seker dat u die korrekte rooster het.

Skoolfondsstate

15 Februarie 2019

Wanneer u 'n skoolfondsstaat ontvang, moet u let op die boodskap heel onderaan die blad. Indien die rekening gerekonsilieer is tot 31 Januarie 2019 sal geen transaksies van Februarie daarop verskyn nie. Dieselfde vir die maande wat volg. As dit byvoorbeeld 28 Februarie gerekonsilieer is, sal geen transaksies van Maart daarop verskyn nie, ensovoorts. Die staat verwys altyd na die vorige maand se transaksies.

Die volgende inbetalings is onbekend en kan nie geallokeer word nie:
- Op 7 Januarie: Kaartbetaling van R1 400.
- Op 6 Februarie: 'n Inbetaling van R2 000. Verwysing: RR Wine Tech.

Indien u hierdie inbetalings herken, sal ons dit waardeer indien u mev P van der Westhuijzen by ons finanskantoor sal skakel.
Dankie!

Skoolfonds inbetalings

15 Februarie 2019

Wanneer u u kind(ers) se skoolfonds betaal, gebruik asseblief die leerder(s) se leerdernommer en nie die lukrake familiekode nie. Die leerdernommers begin onderskeidelik met 219..., 20..., 21..., 22... en 23... . U kan ook nét na die nommer die leerder se VAN gebruik en as daar nog karakters oor is, die NAAM of VOORLETTERS. Dit skakel verwarring uit, veral waar leerders dieselfde vanne en voorletters het. Indien u oor iets twyfel of 'n vraag het, is u welkom om mev P van der Westhuijzen by ons finanskantoor te skakel.

Tennistoernooi uitslae

15 Februarie 2019

Tennistoernooi T4J in Bredasdorp 7 - 9 Februarie:
Swartland was een van 12 skole wat aan die toernooi deelgeneem het: skole van so ver as PE, Graaff-Reinett, Humansdorp en Clanwilliam het deelgeneem.
Vyf seuns en vyf dogters het in dubbels en gemengde dubbels hul skole verteenwoordig. Op die Vrydag het ons sesde geëindig uit 12 skole. Op die Saterdag het ons agtste geëindig. Die suksesvolste pare was:
Dubbels: David Isaacs en Petrie Steyn; Gabi Rose en Chanel van Zyl; Liza Eksteen en Imke Erasmus.
Gemeng: William Thomson en Chanel van Zyl; Petrie Steyn en Liza Eksteen.
Hierdie spelers het drie van hul vyf wedstryde gewen.
Liza, Chanel en Petrie was die drie spelers wat in altwee formate die suksesvolste was met 'n 60% wenpersentasie.
Baie geluk aan al hierdie tennisspelers!

Toneeluitstappies

15 Februarie 2019

Daar is 'n geleentheid op 13 Februarie by die Baxter en 8 Maart in Stellenbosch om toneelstukke te gaan kyk.
13 Februarie is 'Kretoa' teen R50 'n kaartjie. Op 8 Maart is 'Ou Blou' waarin ons eie mede-leerder, Graeme Watson, speel teen R70 per kaartjie.
Hierdie geleenthede is slegs vir Hoërskool Swartland leerders en die kaartjies is by ons skool se finanskantoor beskikbaar. Daar is 'n beperkte aantal kaartjies.
Vir meer besonderhede, kontak mev M Horn.

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

15 Februarie 2019

Universiteit Stellenbosch se algemene opedag is op Saterdag 23 Februarie vanaf 08:30 tot 16:00. Ons moedig ons graad 11-leerders veral aan om dit by te woon. Ander is ook natuurlik welkom.

Universiteit Stellenbosch Ingenieurswese opedag

15 Februarie 2019

Die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Ingenieurswese hou op Saterdag 23 Februarie van 08:30-16:00 hul jaarlikse opedag. Dit sal by die Ingenieurswese gebouekompleks aangebied word. Vir verdere inligting rakende registrasie, tye ensovoorts kan juf Greeff genader word.

Nog instansies se opedae

15 Februarie 2019

CPUT: 11 Mei
AFDA: 18 Mei
Bellville Hotel school: 9 Maart

Pathcare geleentheid

15 Februarie 2019

Pathcare, Neels Bothma straat, Goodwood, bied Laboratorium toere en "Job shadowing" aan vir leerders in graad 10 - 12 wat geïnteresseerd is in 'n mediese laboratorium beroep, soos byvoorbeeld mediese tegnologie, patologie, ontleding ens. Dit word op die volgende datums aangebied: 22 Februarie, 26 April, 26 Julie, 27 September en 29 November. Vir meer inligting oor die plek en tye, kan u 'n e-pos rig aan: clients@pathcare.co.za

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

15 Februarie 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder. Indien die volle bedrag vir die jaar voor of op 28 Februarie 2019 betaal word, sal dit R15 400 beloop (R900 afslag).
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

15 Februarie 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

15 Februarie 2019

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 15 Februarie 2019 - 22 Februarie 2019

15th Februarie 2019
Uitnaweek

15th Februarie 2019
Detensie
14:00-16:00

15th Februarie 2019
Koshuiskomitee vergader 13:00

16th Februarie 2019
Krieket O/19A (weg)
vs Hugenote

16th Februarie 2019
Krieket O/15A (tuis)
vs Hugenote

16th Februarie 2019
Toutrek te Worcester Gim

18th Februarie 2019
Bemarking sport, kultuur vergader
18:00

18th Februarie 2019
Gholf vs Laborie (tuis)

19th Februarie 2019
Personalia vergader 18:00

19th Februarie 2019
Formele toetse

19th Februarie 2019
Swem Frank Myburgh gala

20th Februarie 2019
Formele toetse

20th Februarie 2019
Tennis 1e, 2e S en D vs Porterville (tuis)

21st Februarie 2019
Formele toetse

21st Februarie 2019
Vaste Bates vergader 18:00

22nd Februarie 2019
Detensie
14:00-16:00

22nd Februarie 2019
Formele toetse

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.